

Vrydag 9 April

Skrifgedeelte: Galasiërs 5:1-12

Fokusgedeelte: Galasiërs 5:1, 6

Vrygemaak tot liefdevolle gehoorsaamheid

Ons hoor so gereeld van vryheid. Waar ons gaan, sien ons hoe mense 'n beroep doen op vryheid. Daar bestaan wel verskeie gedagtes rondom wat vryheid is. Daarom soek mense vryheid op verskillende plekke.

In Galasiërs 5 skryf die apostel Paulus ook van vryheid, maar hierdie is 'n ander tipe vryheid as wat ons in die wêreld se gedagtes vind. In Galasiërs 5:1 lees ons: "Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees." Hy skryf hierdie woorde as samevatting van alles wat hy in die voorafgaande vier hoofstukke aan die Galasiërs geskryf het.

In antwoord op die dwaalleer van verlossing deur Christus plus die onderhouding van die wet, stel hy die fokus daarop dat daar verlossing deur die geloof in Christus alleen is. Christus het ons vrygemaak van die juk van wetsonderhouding, asook van ons verslawing aan ons sondige natuur. Daarom doen Paulus die beroep op die gelowiges om hulleself nie weer onder die juk van wetsonderhouding te stel nie. Hy gaan selfs sover as om te sê dat die mens die genade van God verbeur as jy die wet probeer nakom, en dit as vereiste vir verlossing stel, aangesien geen mens ten volle die wet kan onderhou nie. Ons moet dit baie mooi besef, daar is niks wat ons ooit kan doen kan in enige opsig 'n bydrae lewer tot ons verlossing nie.

As ons dit besef, dan is daar 'n duidelike reaksie. Vers 6 maak dit duidelik wat hierdie reaksie is: dae van liefde. Dae waarin ons die liefdesgebod van ons Here Jesus nakom. Dae waarin ons die liefde wat ons van God ontvang het, ook aan ander bedien. Daarom is hierdie gedeelte weereens vir ons 'n oproep tot selfondersoek. Uit dankbaarheid vir ons verlossing, gaan ons geloof waarlik oor tot dae van liefde?

Sing: Skrifberyming 2-4 (33):1, 2, 3

Ds. FG Lee (Hardus) (Derdepoort)